

WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT



HOOFSTUK 9-INSTELLINGS Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (arts 181–194)

Wat is Hoofstuk 9-instellings?

Hoofstuk 9 van die Suid-Afrikaanse Grondwet skep ses onafhanklike nasionale staatsinstellings wat slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe is.

Dié Hoofstuk 9-instellings, soos hulle dikwels genoem word, is “beskermingsmeganismes” wat bestem is om te verseker dat die regering sy werk behoorlik doen en ooreenkomstig die Grondwet optree. Hierdie instellings moet ook minstens een maal per jaar by die Nasionale Vergadering verantwoording vir hul bedrywighede en prestasie doen.

Die Openbare Beskermer

Die Openbare Beskermer ontvang en ondersoek klagtes van die publiek teen regeringsagentskappe of -amptenare en beskik oor die bevoegdheid om korrektiewe stappe aan te beveel.

Die Openbare Beskermer se dienste is gratis en tot almal se beskikking, en indien jy 'n klagte aanhangig maak, sal jou naam vertroulik bly.

Die Openbare Beskermer is slegs aan die Grondwet en die reg onderworpe en is onafhanklik van die regering en enige politieke party. Geen persoon of staatsdepartement mag met die funksionering van die Openbare Beskermer se kantoor inmeng nie.



Tel: 021 423 8644
Webtuiste: <http://www.pprotect.org.za>
Faks: 021 423 8708
E-pos: shamielai@pprotect.org.za

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie se taak is om te verseker dat dit vir alle Suid-Afrikaners moontlik is om die ideale wat in die Grondwet verwoord word, uit te leef en te geniet. Hulle doen dit deur:

- aandag te skenk aan menseregteskendings en regsmeddele vir sodanige vergrype te soek
- te monitor en te evalueer hoe geslaagd die nakoming van menseregte in Suid-Afrika is
- bewustheid van menseregtekwesties onder die publiek se aandag te bring
- die publiek op te voed en oor menseregte op te lei.



Tel: 021 426 2277
Webtuiste: www.sahrc.org.za
Faks: 021 426 2875
E-pos: info@sahrc.org.za

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdien- en Taalgemeenskappe (KGT)

Die funksies van die Kommissie is die:

- bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdien- en taalgemeenskappe en om hulle vir die beskerming van sodanige regte te beywer;
- ontwikkeling van vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid onder en binne kultuur-, godsdien- en taalgemeenskappe op die grondslag van gelykheid, nie-diskriminasie en vrye assosiasie;
- bevordering van die reg van gemeenskappe om hul erfenis te ontwikkel wat in die verlede beperk en nie tot sy reg gekom het nie.



Tel: 011 537 7600
Webtuiste: www.crlcommission.org.za
Faks : 011 880 3495
E-pos: ceo@crlcommission.org.za

Die Kommissie vir Geslagsgelykheid

Die rol van die Kommissie vir Geslagsgelykheid is om geslagsgelykheid in alle sferes van die samelewing te bevorder en aanbevelings te doen oor enige wetgewing wat die status van vroue raak.

Die Kommissie moet respek vir geslagsgelykheid en die beskerming, ontwikkeling en bereik van geslagsgelykheid bevorder. Die Kommissie poog om die samelewing te omvorm deur “geslags-diskriminasie in wette, beleid en praktyke openbaar te maak”.

Dit doen ook voorspraak vir verandering in seksistiese gesindhede en geslagstereotipes, en streef daarna om aan te toon dat vroueregte deel uitmaak van basiese menseregte.

Alhoewel die Kommissie in die belang van vroue in die algemeen optree, skenk dit veral aandag aan die vroue wat die ergste benadeel word – dié vroue wat in landelike en semi-stedelike gebiede woon.



Tel: 021 426 4080
Webtuiste: www.cge.org.za
Faks: 021 424 0549
E-pos: kamraj@cge.org.za

Die ouditeur-generaal

Die ouditeur-generaal is verantwoordelik vir die ouditering van en verslagdoening oor die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van al die nasionale en provinsiale staatsdepartemente en administrasies; alle munisipaliteite; en enige ander instelling of rekenpligtige entiteit wat ooreenkomstig nasionale of provinsiale wetgewing deur die ouditeur-generaal geouditeer moet word.

Die ouditeur-generaal kan ook die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van enige instelling wat deur die Nasionale Inkomstefonds of 'n provinsiale inkomstefonds of 'n munisipaliteit gefinansier word, of van enige instelling wat ingevolge enige wet gemagtig word om geld vir 'n openbare doel te ontvang, ouditeer en daarvoor verslag doen.



Tel: 021 528 4100
Webtuiste: <http://www.agsa.co.za>
Faks: 021 528 4201
E-pos: zineg@agsa.co.za

Verkiesingskommissie (VK)

Die Verkiesingskommissie (daar word steeds in die spreektaal na die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) verwys) is verantwoordelik vir die bestuur van verkiesings van nasionale, provinsiale en munisipale wetgewende liggame ooreenkomstig nasionale wetgewing en om toe te sien dat daardie verkiesings vry en regverdig is. Dit moet ook die uitslae van daardie verkiesings bekend maak binne die tydperk wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf word. Alhoewel die OVK van Staatsfinansiering gebruik maak en aan die Parlement verantwoording doen, is dié liggaam onafhanklik van die regering.

Artikel 5 van die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996, bepaal onder meer dat die OVK:

- 'n register van partye moet opstel en byhou;
- navorsing oor verkiesingsaangeleenthede moet onderneem en bevorder;
- kiesersopleiding en -opvoeding moet bevorder;
- wanneer nodig, gepaste owerheidsadministrasies in enige regeringsfeer moet aanstel vir die voer van verkiesings;
- verkiesingswetgewing en voorgestelde verkiesingswetgewing deurlopend moet hersien en aanbevelings daarvoor moet doen.



Tel: 021 910 5700
Webtuiste: www.elections.org.za
Faks: 021 910 4965
E-pos: iec@elections.org.za

Onafhanklike Kommunikasie-owerheid (OKOSA)

NOG 'N INSTELLING WAT IN DIE BEVORDERING VAN DEMOKRASIE ERKEN WORD

Okosa is 'n onafhanklike owerheid wat die taak opgelê is om die uitsaaiwese in die openbare belang te reguleer, en toe te sien dat billikheid geskied en dat daar uitlopendheid van menings is wat in die breë verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse samelewing is.

Die Owerheid reik ook lisensies uit aan telekommunikasie- en uitsaaiersverskaffers, dwing nakoming van die reëls en regulasies af, beskerm verbruikers teen onbillike sakepraktyke en dienste van 'n swak gehalte, hoor geskille en klagtes aan wat teen lisensiehouers ingebring word en beslis daaroor, en beheer en bestuur die doeltreffende gebruik van radiofrekwensiespektrum.



Tel: 021 431 9800
Webtuiste: www.icasa.org.za
Faks: 021 431 9860
E-pos: djohns@icasa.org.za